Ontwrig deur omgee
Markus 2:23-3:6

In hierdie twee verhale lees ons van twee konfrontasies tussen Jesus en die Fariseërs. En beide speel af op die sabbatdag. In die eerste storie stap Jesus en sy dissipels deur ‘n koringland. Sy dissipels pluk vir hulle koringare omdat hul honger is – en Jesus keer hulle nie. Dit laat die Fariseërs se oë rek waarop Jesus vir hul die bekende antwoord gee: Die sabbat is vir die mens gemaak; die mens is nie vir die sabbat gemaak nie. Dus, ‘n dag wat tot voordeel van die mens gemaak is, nie andersom nie.

In die tweede verhaal stap Jesus die sinagoge binne en ontmoet ‘n man met ‘n gebreklike hand. Jesus is diep bewus daarvan dat Hy met valkoë dopgehou word. Hy ontwrig die ‘goeie orde’ van die hierdie heilige dag en vra vir die Fariseërs of mens op die sabbat goed of kwaad moet doen, iemand se lewe moet red of eerder hul dood te maak? Die enigste reaksie was stilte... Jesus het hulle woedend aangekyk, diep hartseer oor die hardheid/blindheid van hul harte.

En – soos mens antisipeer – eindig die storie met die Fariseërs wat woedend uitstorm en ‘n plan beraam om Jesus te vermoor omdat Hy die vierde gebod oortree het. Hoe ironies!

Ek dink ons moet versigtig wees in ons interpretasie van hierdie verhale - om byvoorbeeld te dink dat dit bloot vertel hoe wetties die Jode was. Die Fariseërs verteenwoordig eintlik ons almal - alle oortuigings, waardes, tradisies, leerstellings, absolutes, geneigdhede, en voorkeure wat tussen ons en medelye/deernis staan - maak nie saak hoe edel of goedbedoeld nie. Ek dink van die vrae wat hierdie verhaal vra is: Waaraan klou ons verbete vas wat nie van God is nie. Van wat maak ons ‘n afgod? Wie of wat het ons ophou raaksien omdat ons verblind word deur goeie ‘godsdienstige’ intensies?

Ek dink ons maak ‘n groot fout as ons die Fariseërs afskryf as verkrampte en/of slegte mense. Hulle was goeie mense wat die ‘goeie’ van hul geloof ten alle koste wou beskerm. Hul was oortuig dat die rede hoekom die Messias nog nie sy opwagting gemaak het nie is omdat hul as nasie te vêr van God af beweeg het. En een manier om die koms van die Messias aan te help (om God se arm te draai) is om die wet te *verabsoluteer*; om dit ‘volmaak’ te gehoorsaam. Doen ons nie maar dieselfde wanneer ons so verbete vaskou aan al ons gunsteling geloofspraktyke en rituele nie? Want net soos die sabbat, bestaan die wet *ter wille van* die mens; die mens is nie geskep ter wille van die wet nie! Die wet ontsluit die mooi van die lewe...

Koersafwyking
Na God destyds sy volk uit Egipte gered het, gee Hy vir hulle die ware *Freedom*

Charter by die berg Sinaï – die 10 Gebooie. Dis hul (en ons) padkaart wat die sin van die lewe ontsluit. Maar dis ‘n roetekaart wat net deur ‘n liefdes-lens ontsyfer en gevolg kan word. Sonder dit slaan jy niksvermoedend die verkeerde koers in... soos wat die Fariseërs gedoen het.

Die 1/60-reël in lugvaart beskryf die verhouding tussen koersafwyking en afstand wat gevlieg word. Dit beteken dat ‘n koersafwyking van slegs 1 grade maak dat ‘n vliegtuig na 60 seemyl (NM) een seemyl van die beplande roete sal afwyk (1 NM = 1,85km). ‘n Klein afwyking kan groot implikasies hê.



Geen wonder dat Jesus se emosies so hoog geloop het nie, soveel so dat Hy as kwaad en bedroef beskryf word! Dis asof Jesus sy kop skud en sê: “Julle is totaal van koers af! You still don’t get it!” Want, blykbaar is daar vir God niks so heilig soos deernis nie; ‘n liefde wat honger mense voed en genees, en godsdienstigheid ontwrig.

Dis eintlik die tweede gebod (teen afgodery) wat ons oortree as ons met die wet van God omgaan sonder medelye/deernis. Richard Holloway (A Little History of Religion) merk op dat die werklike teiken van hierdie gebod leë godsdienstigheid is. En nie net die soort wat mense om 'n goue kalf laat dans het nie. Dit waarsku ons dat geen vorm van godsdienstigheid die misterie en liefde van God kan vasvang nie. Dit was 'n vroeë waarskuwing dat die instansies/nasies/kerke wat beweer dat hulle namens God praat, soms God se grootste teëstanders raak.

So, waartoe roep die Sabbat ons? Ek dink een van die belangrikste leidrade vind ons heel in die begin in die Skeppingsverhaal. Hoe God geskep het is hoe ons moet leef: *“One day a week stop what you are doing and pay attention to what God has been doing and is doing. Be reverent and worshipful and grateful for the world we are placed in. Remember in gratitude and worshipful adoration. Hallow this day. Keep this day (and every other day) holy.”* Peterson, Eugene H

Ontwrig

Jesus kom ‘onderbreek’ die sabbat met omgee... Hy kom ‘ontwrig’ die fyn uitgewerkte orde van die erediens in die sinagoge. En Hy doen dit in die erediens van die lewe in ‘n koringland. *“It’s a story about a category-busting God who will not allow us to cling to anything less bold, daring, scary, exhilarating, or world-altering than love.”* Debie Thomas.

Dis ‘n verhaal van Jesus wat kom stap deur die heilige lande van ons lewe, en afpluk wat ons as kosbaar probeer bewaar. Dis ‘n storie van Jesus wat mense se menslikheid sien wat ons dalk lankal nie meer raaksien nie.

Ons optrede kan vensters oopmaak waardeur die omgee van God in mense se lewens kan skyn. Dis net die ontwrigtende krag van deernis wat ons kan lei om meer volledig na die beeld van Christus te lewe. Sodoende word ons medewerkers van God se skepping, van sy liefde wat hoop en genesing bring vir diegene wat dit die nodigste het.